



## Laerskool Simon van der Stel

Geagte Ouers



### A. WP Kleure

Hartlik geluk aan Usher Henn wat so pas in die WP 0/12 rugbyspan opgeneem is wat gedurende die Septembervakansie aan 'n interprovinsiale toernooi gaan deelneem. Hy neem al vanaf April deel aan die proewe en verdien sy plek in die span. Ons is saam met sy ouers baie trots op hom!

### B. Beheerliggaam tussenverkiesing

Baie dankie aan almal wat die tussenverkiesing bygewoon het en ook aan almal wat hulleself beskikbaar gestel het om op die beheerliggaam te dien.

Hartlik geluk aan die volgende nuwe lede van die beheerliggaam:

- Mev. M. du Plessis (Finansies)
- Mev. E. Barnard (OK – Fondsinsameling)
- Mev. B. Reynard (Borge en Donasies)
- Mnr. T. Mouton (Media en Bemaking)

**Baie  
geluk!**

### C. Kultuurprogram

Op kultuurgebied gaan dit bedrywig met heelwat kinders wat die afgelope paar weke aan die klavier- en sangitems van die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod (KAE) deelgeneem het en uitstekende prestasies behaal het. Voorspoed aan almal met die optredes wat nog voorlê asook met die UNISA klaviereksamens wat hierdie week plaasvind.

Hartlik geluk aan ons kore met hul puik vertoning gisteraand by die stadsaal in die Strand en baie dankie aan al die ouers wat die vertoning kon bywoon. Die KAE koorafdeling vind op Woensdag, 13 September, in ons saal plaas. Voorspoed aan ons kore wat ook gaan optree. Tydens die middag gaan verskeie skoolkore vanaf 14:30 tot 19:00 in ons saal optree. Wees dus voorbereid op die verkeer en parkering wat dan op ons terrein gaan plaasvind.

**D. Groepfoto's:**

U sou op die kwartaalprogram sien dat die groepfoto's **Donderdag, 7 September** geneem word. Ons wil u vra om asseblief seker te maak dat u kinders die korrekte drag, soos in die gedragskode uiteengesit, sal aantrek.

Dit impliseer die volgende:

- **Koor:** Volledige winterskooldrag. Die dogters moet grys rompies met sykouse dra en die junior koor se dogters se hare moet in 2 poniesterte met dun rekkies bokant hulle ore vasgemaak wees.
- **Klasfoto's:** Volledige winterskooldrag (almal kom daarmee skool toe).
- **Rugby:** Swart broek, truie word voorsien.
- **Netbal:** Swart hemp & skorts/swart broekie.
- **Landloop:** Swart broek, hempies word voorsien.
- **Mini krieket:** Wit wedstrydklere (nie KFC nie).
- **Tennis:** Swart sportdrag.
- **Swem:** (Driehoekbyeenkoms-Timour Hall) Swart sportdrag.
- **Atletiek:** (Vishoekbyeenkoms) Frokkies (Mev. Laing sal uitdeel) en sportbroekie.
- **Toutrek:** Swart broek, swart kortmou t-hemp en toutrekpette.
- **Individuele Foto's:** (Wes-Kaap Gimnastiek) Simonay Jacobs  
(WP O/12 Rugby) Usher Henn

**Let wel!!! Daar is GEEN ekstra klere in die klerebank om vir die leerders te leen indien hul hul klere by die huis vergeet nie.**

Vriendelike groete

**E.L. KÄSNER**  
**SKOOLHOOF**

